

**31 Mei**

**Skrifgedeelte:**

**Fokusgedeelte:**

### **God die Vader hoor en verhoor ons gebede**

Gebed is 'n gesprek met God Almagtig. In vers 14 sê Paulus dat hy in gebed kniel voor die Vader. Min van ons kniel seker nog wanneer ons bid. Wat ons oor die gebedshouding leer, is dat ons met baie groot respek tot die Vader nader. Mag die Heilige Gees jou die respek en vrymoedigheid gee sodat jy met die Vader in gebed kan praat!

Mens hoor soms hoe daar gebid word tot Christus en die Heilige Gees. In hierdie gebed bid Paulus tot die Vader. Christus is God, maar Hy het as Middelaar en Borg vir ons ingetree. Hy tree deurlopend vir ons in by die Vader. Ons sluit ons gebed af in die Naam van Jesus Christus. Wat die gebed tot die Heilige Gees betref, bid ons omdat die Heilige Gees in ons werk. Die Heilige Gees gee aan ons die begeerte om te bid. Ons bid tot die Vader in die Naam van die Seun onder leiding en aansporing van die Heilige Gees.

Dit voel soms of jy teen 'n dak vasbid. Jy bid en bid, maar niks gebeur nie. Moet jy dan maar ophou bid of twyfel of God jou sal verhoor? In Efesiërs 1:20 word verkondig dat die verhoring van die gebed in God se hande is. Hy kan oneindig meer doen en gee as wat ons ooit kan dink, bid of vra. Wat die Vader van ons verwag, is dat ons volhard in die gebed en weet dat die Vader se wil sal geskied.

Mag jy met vrymoedigheid en met respek na jou Vader gaan met al jou voorspoed en teëspoed. Mag jy in vrede "Amen" sê na jou gebed en weet dat die verhoring van jou gebed in God se hand is.

*Sing: Psalm 105:1 Ds J van Schaik (Ermelo)*